KAMPREëLS

Algemeen aanvaarde sosiale gedragsreëls geld ook op MOOIKRANS, bv. hoflikheid, netheid, goeie tafelmaniere, eerbaarheid en beskaafde taalgebruik.

1.1 **Vuur:** Niemand mag by die warmwaterstelsel "donkie" met die vuur doenig wees nie. Niemand mag vuur maak nie.

1.2 **Swem en gaan stap.** Kinders mag alleenlik gaan swem of dam of spruit toe stap wanneer hulle deur 'n instrukteur vergesel word.

1.3 **Perde en toerusting:** Moenie sonder toestemming by die perdekampe ingaan nie. Dit mag gevaarlik wees. Niemand mag sonder verlof in die saalkamer wees nie.

1.4 **Verblyf:** Seuns en dogters mag nooit in mekaar se slaapvertrekke of badkamers wees nie.

1.5 **Beserings/Siekte/Buitengewone gebeure:** Bring alle beserings/ siektetoestande/ buitengewone gebeure, asb. dadelik onder die personeel se aandag.

1.6 **Sterk drank:** Kinders mag nie sterk drank in hulle besit hê of dit gebruik nie en volwassenes mag dit nie misbruik nie.

1.7 **Water en elektrisiteit** moet asb spaarsamig gebruik word. MOOIKRANS EQUUS maak gebruik van 'n sonpaneelstelsel. Warm water in die storte is voldoende maar moet spaarsamig gebruik word.

1.8 **Rook:** Kinders mag nie op MOOIKRANS rook nie.

Kinders wat skelm rook maak hul skuldig aan wangedrag en kan hanteer word volgens punt 11 hieronder.

1.9 **Wangedrag:** Wanneer van die bogenoemde reëls blatant verontagsaam word, word dit beskou as wangedrag.

Die bestuur van MOOIKRANS behou hom die reg voor om ‘n persoon wat hom aan wangedrag skuldig maak, te vra om MOOIKRANS onmiddellik te verlaat, of om so ‘n kind se ouer te vra om hom dadelik te kom haal.

In so ‘n geval word die Kampgelde verbeur.

1.10 Voortydige vertrek: Gaste wat vertrek, voordat die betrokke kamp amptelik afsluit, se Kampgelde word **nie** terugbetaal **nie**. Onbenutte dae kan nie oorgedra word na ‘n volgende kamp nie.

ELNA WAHL